

KOEL in wit



'n Blok van 48 rye met 'n kantpatroon in kleiner blokkies, gebrei in kous- en omgekeerde koussteek, maak dié trui iets anders.

KOEL in wit

BENODIGDHEDE

Pingouin Coton Naturel (50 g-bolle); 8 bolle in gekose kleur; breinaalde van 3,50 mm; stekehouer.

MATE

Net een grootte: Om borsmaat 87-92 cm lossies te pas. Lengte sonder gepunte rand 71 cm; gepunte rand by breedste punt, 7 cm; moulengte 16 cm sonder gepunte rand.

SPANNING

25 ste en 36 rye = 10 x 10 cm oor koussteek.

AFKORTINGS

r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek(steke); N(e) – naald(e); beg – begin; herh – herhaal; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; m1 – maak 1 st deur draad om naald te draai; rif – riffelsteek, r1, aw1; pat – patroon; oorbl – oorblywende; R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante; gl – glip.

KANTPATROON-BLOK

Die trui bestaan uit 'n blok van 48 rye met 'n kantpatroon in kleiner blokkies. Dit word afgewissel met blokke van kousen omgekeerde koussteek.

Kantpatroon, 1e ry: *R7, (m1, r2tes) 3 keer, r6, (m1, r2tes) 3 keer, r7.

2e ry: Aw7, r6, aw6, r6, aw7.

3e en 5e ry: Soos 1e ry.

4e en 6e ry: Soos 2e ry.

7e ry: R1, (m1, r2tes) 3 keer, r6, (m1, r2tes) 3 keer, r1.

8e ry: Aw1, r6, aw6, r6, aw6, r6, aw1.

9e en 11e ry: Soos 7e ry.

10e en 12e ry: Soos 8e ry. Dié 12 rye vorm die kleiner blokkiespatroon.

Herh dié 12 rye nog 3 keer – 48 rye.

Dit vorm één groot kantpatroonblok, wat telkens verspring.

VOOR- EN AGTERPANT (eenders)

Gebruik 3,50 mm-Ne en stel 128 ste op; r 4 rye.

Plaas groot blokke in vlg ry só:

1e ry: Brei die 32 ste van kantpatroonblok; dan r32, aw32, r32.

2e ry: Aw32, r32, aw32, dan 2e ry van kantpatroonblok.

Brei voort soos nou vasgestel tot 48 rye voltooi is.

Tweede ry van groot blokke

1e ry: R32, aw32, r32, dan die 1e ry van kantpatroonblok.

2e ry: 2e ry van kantpatroonblok, aw32, r32, aw32.

Brei voort soos nou vasgestel tot weer 48 rye voltooi is.

Derde ry van groot blokke

1e ry: Aw32, r32, eerste ry van kantpatroonblok, r32.

2e ry: Aw32, 2e ry van kantpatroonblok, aw32, r32.

Brei voort soos nou vasgestel tot nog 48 rye voltooi is.

Vierde ry van groot blokke

1e ry: R32, eerste ry van kantpatroonblok, r32, aw32.

2e ry: R32, aw32, 2e ry van kant-

patroonblok, aw32.

Brei so voort tot laaste blok van 48 rye voltooi is, 192 rye altesaam.

Halsvorming: R7, (m1, r2tes) 3 keer, r6, (m1, r2tes) 3 keer, r29, r2tes, (= halsrand), plaas vlg 18 ste op 'n stekehouer, aw2tes, aw tot einde.

Brei voort in pat soos nou vasgestel en vermin aan halsrand met aw2tes, elke alt ry, tot 42 ste oorbly.

Skouervorming: Heg 13 ste af, pat tot einde.

Vlg ry: Aw2tes, pat tot einde.

Vlg ry: Heg 13 ste af, pat tot einde.

Vlg ry: Aw2tes, pat tot einde.

Vlg ry: Heg oorbl 13 ste af.

Tweede skouer: Heg werkdraad aan oorbl ste vas en voltooi soos uiteengesit vir eerste skouer, maar met omgekeerde vorming, en blokpatroon soos vasgestel.

MOUE (eenders)

Gebruik 3,50 mm-Ne en stel 72 ste op, r 4 rye.

Slaan oor na ks, vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg 4e ry tot 94 ste op N en 46 rye voltooi is. Heg lossies af.

AFWERKING

Werk een skouernaat toe. Tel op en r 180 ste eweredig gespasieer uit halsrand van voor- en agter-

pant, brei 8 rye rif en heg lossies, rifsgewys, af. Werk tweede skouernaat toe. Werk sy- en mounate toe.

RANDSTROKE

Gebruik 3,50 mm-Ne en stel 13 ste op.

1e ry: Gl 1 st, r2, m1, r2tes, k1, (m1, r2tes) 2 keer, m1, r3 – 14 ste.

2e en alle ewe rye: Deurgaans r.

3e ry: Gl 1 st, r2, m1, r2tes, r2, (r2tes) 2 keer, m1, r3 – 15 ste.

5e ry: Gl 1 st, r2, m1, r2tes, r3, (m1, r2tes) 2 keer, m1, r3 – 16 ste.

7e ry: Gl 1 st, r2, m1, r2tes, r4, (m1, r2tes) 2 keer, m1, r3 – 17 ste.

9e ry: Gl 1 st, r2, m1, r2tes, r5, (m1, r2tes) 2 keer, m1, r3 – 18 ste.

11e ry: Gl 1 st, r2, m1, r2tes, r13.

12e ry: Heg 5 ste af, r tot einde.

Dié 12 rye vorm een punt van randstrook. Herh die 12 rye tot strook lank genoeg is om onder-rand van truitjie te pas. Heg af. Doen dieselfde vir stroke aan onderkant van moue. Werk stroke vas.

foto MARK BOW; grimering en hare FABIENNE; model RENÉ van NEXT

MARIE BODENSTEIN het die patroon eksklusief vir ROOI ROSE ontwerp en gebrei.